


27 OKTOBER 2019



# 3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek



## saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is en bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

\*<sup>23</sup>Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.\*

## saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Die gelykenis waarby ons vandag gaan stilstaan, kom slegs in die Lukas-evangelie voor. Dit is van deurslaggewende belang dat ons iets van die agtergrond van hierdie gelykenis moet verstaan. Die Fariseërs was 'n godsdienstige party wat die belangrikheid daarvan beklemtoon het om aan die wet van Moses gehoorsaam te wees. Hulle wou nie noodwendig daardeur God se guns verdien nie. Om volgens die tora te leef was hulle manier om uitdrukking te gee aan God se seën en guns in elke sfeer van hulle lewe. Wat die tollenaars betref, moet daarvan melding gemaak word dat die Romeine belastinge gehef het op al die inwoners van Palestina en dat die invordering daarvan op korrupte wyse geskied het. Romeinse amptenare het lede van die plaaslike bevolking die kans gebied om op 'n kontrak-basis belastinge in te vorder en om alles wat hulle meer as die verlangde kontrak insamel, vir hulleself te hou. Tollenaars was skelms en het met die Romeinse saamgewerk. Lees Lukas 18:9-14.

## saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Jesus vertel hierdie gelykenis met 'n duidelike doel: Hy vertel die gelykenis met die oog op mense wat seker was dat hulle saak met God reg is en wat ander verag en op hulle neergesien het. Gee vir mekaar 'n eietydse beskrywing van hierdie soort gesindheid. Vertel ook waar julle dit al beleef en ondervind het.... of self uitgeleef het.

2. Waarom sou hierdie gelykenis in dieselfde asem genoem kan word as die gelykenisse van die verlore seun (Luk. 15) en die laatkommers in die gelykenis van die arbeiders in die wingerd (Matt. 20)? Waarom is God se roekelose, rojale, ruimhartige, onvoorwaardelike genade en liefde vir soveel mense 'n probleem?
3. As die eerste toehoorders van hierdie gelykenis van Jesus se asem behoorlik weggeslaan is deur die uiteindelijke afloop van die verhaal en hulle dalk uitgeroep het: "Maar dit kan mos nie wees nie, dis onmoontlik!" Beoordeel hierdie potensiele respons van die eerste hoorders.
4. Die probleem met die fariseër se gebed was duidelik die veragting en die neersien op die tollenaar. Hoe gevaarlik is dit vir ons wanneer ons in die teenwoordigheid van God (in die tempel of kerk of Bybelstudiegroep) minagting op ander neersien en ons bó ander verhef, asof daar mense kan wees wat buite bereik van God se helende en herstellende genade is? Kan dit wees dat Jesus-volgelingen hulle met God misgis en beter as Hy weet wie genade mag ontvang en hoe hulle dit moet ontvang? Motiveer.
5. Kontrasteer 'n lewe van nederige berouvolheid teenoor dié van hoogmoed.

## saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om nederig te leef.** Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om nie meer beeldpoetsers te wees nie, nie meer al die fokus op onself te laat val en onself en ons prestasies te promoveer nie. Jesus is die volmaakte Nederige. "The humble are free, they don't think less of themselves, they think of themselves less." Lees hieroor Matt. 6:1 en 4; 11:29; Jak. 2:1; Kol. 3:12; Jes. 57:15.

Doen-dinge:

1. Skryf 'n CV oor jou karakter en nie oor jou eie prestasies en vermoëns nie. Hoe ver het jy al op die pad van nederigheid geloop
2. Begin om sekere goed anoniem te doen. Hoe voel dit vir jou dat net God weet dat jy dit gedoen het?
3. Noem die dinge wat jou hoogmoedig maak.
4. Maak lys van eienskappe wat as nederig en sagmoedig beskryf kan word.

Dink-dinge:

1. Waarom is nederigheid so 'n besondere deug? Wat spreek jou die meeste daarvan aan?
2. Wie is vir jou die toonbeeld van nederigheid en wat bewonder jy van daardie persoon?
3. Hoe sal jy ware nederigheid uitken?

### 3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

### 2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

### 1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.